NASKOOLSENTRUM

INSKRYWINGSVORM 2012

INLIGTING VAN OUERS EN LEERLING:

Leerder se naam en van: .....Graad ..... Kamer .....

Woonadres: .....

Naam van vader:..... Naam van moeder:.....

Tel: Vader: Huis: ..... Moeder: Huis:.....

Werk: ..... Werk:.....

Sel: ..... Sel: .....

Telefoonnommer en naam indien noodgeval en ouer nie opgespoor kan word nie:

Naam: ..... Tel: .....

Naam van Geneesheer: ..... Tel: .....

Mediese fonds: ..... Mediese fondsnommer: .....

Enige ander inligting in verband met leerder wat vir ons belangrik is. (bv. allergieë, ens.)

.....

.....

Ek, ... ouer van .....

in Graad ..... K ..... onderneem om toe te sien dat die reëls t.o.v. die Naskoolsentrum nagekom sal word. Indien ek nie verder van die sentrum gebruik sal maak nie, sal ek **1 (een) kalendermaand** voor die tyd kennis gee.

Neem asseblief kennis dat my kind aan die volgende sportaktiwiteite deelneem en na die oefening naskool toe kom:

....

....

---------- ----------

HANDTEKENING VAN OUER **DATUM**

2012

Beste Naskoolouers

NASKOOLSENTRUM (011-472-7423) **TYE: STRENG 13:30 - 17:45**

'n Hartlike woord van welkom by die naskoolsentrum van ons skool. Ons vertrou dat ons, soos in die verlede, lekker sal saamwerk. By ons naskoolsentrum maak ons slegs van ons onderwyspersoneel gebruik.

Personeel betrokke by die naskool is:

Mnr Francois du Toit (Skoolhoof)	083 264-5505
Me Visa Woest (Algemene Bestuurder)	083-490-4100
Me Bronwyn Corinaldi	Mnr Marius Bushney
Me Ingrid Maritz	Me Candice Harrison
Me Janet Herholdt	Me Mercia Bacon
Me Christa Bushney	Me Teresa du Toit
Me Rina Vlok	Me Rianita Kerwan
Me Marietjie Coetsee	

Soos by enige naskool, wil ons graag die volgende reëlings onder u aandag bring:

- Leerders meld direk na skool by **K 26** aan, vir die neem van die register.

- Indien die leerder op 'n gegewe dag nie die naskool kan bywoon nie, moet u asseblief vir ons laat weet, skriftelik per faks by (011) 672 0039 (merk duidelik "Naskool") óf telefonies by (011) 472 7423. Daar word andersins aanvaar dat die leerder afwesig is, óf die betrokke dag nie die naskool besoek nie.

- Leerders mag slegs op plekke speel soos aangedui by die naskool. Geen leerder mag tussen klasse ronddrentel nie.

- Nà skool trek leerders gewone klere aan. Toilette mag nie sonder toestemming besoek word nie. (Dit help dat beheer beter is).

- Alle leerders het 'n minimum studietyd van een uur. Studietyd is vanaf **15:00 - 16:00**. Studietyd is verpligtend vir alle leerders. **Ons sal nooit al die huiswerk gedoen kry nie, en dus ook nooit die betrokkenheid van die ouer by huiswerk kan wegneem nie**. Al kweek ons net die dissipline en verantwoordelikheid by die leerder, het ons al baie bereik. Senior leerders wat langer wil studeer, sal toegelaat word. Leerders moet dus die nodige studiemateriaal vir die week se toetse by hulle hê. Indien leerders nie hul werk voltooi nie, kom hulle na 16:00 na K26 om te voltooi

- Studieklasse word bepaal na gelang van hoeveelheid leerders. Op die stadium is daar 5 studieklasse.

- **Geen speelgoed** word toegelaat nie. Speelgoed raak weg en veroorsaak oneindige probleme en hartseer.

- Klere moet asseblief duidelik gemerk wees.

- **Elke leerders** moet aan die begin van die jaar die naskool se vorm i.v.m. buitemuurse aktiwiteite volledig voltooi.

- **GEEN** hoërskool leerder word opgepas nie en mag onder geen omstandighede op ons skool gronde wag nie.

FOOIE:
Die naskool kan ongelukkig nié 'n gratis diens lewer nié. Alle leerders betaal dieselfde. Ons fooie is **R250.00 per maand, per leerder, vir 11 maande**. Die gelde is vir elke maand, al is daar vakansiedae gereël deur die staat. Dit raak nie die bedrag vir die maand nie. Anders sal daar vir elke maand 'n ander bedrag uitgewerk moet word. Daarom is daar besluit om dit te hou teen R250 per maand vir 11 maande.

VAKANSIESENTRUM:
Dit sal voor elke vakansie gereël word. Vakansiesentrum is Maart/April-vakansie; Junie/Julie-vakansie en September/Oktober-vakansie.
GEEN VAKANSIESENTRUM TYDENS DESEMBER NIE. GEEN VAKANSIESENTRUM MET SKOLEVAKANSIEDAE BV. LANGNAWEKE NIE.

VAKANSIES VIR 2012 IS SOOS VOLG:
(R15 .00 per dag)

2 - 5 April 2012	=	1 week	=	R 75 per week
Junie vakansie: 25 Junie – 13 Julie 2012	=	3 weke	=	R 75 per week
1 – 5 Oktober 2012	=	1 week	=	R 75 per week

Alle fooie word aan die begin van elke maand vooruitbetaal. ALLE gelde moet voor die 7e van die maand (vooruit) vir die nuwe maand betaal wees. Ouers, spaar u en ons die verleentheid om onnodige rekeninge of briewe uit te stuur. Betaal voor die 7de van die maand, sodat fondse beskikbaar is om personeel te betaal

Fooie moet in die vorm van **KONTANT** of 'n **KONTANTTJEK** wees.
Geen naskoolgelde mag by skoolgelde inbetaal word nie.
Geen tjeks word aan Laerskool Florida uitgemaak nie.

Indien gelde nie voor die 7e van die bepaalde maand betaal is nie, gaan ons u kind nie verder toelaat nie. Ons lei geweldige verliese met ouers wat nie betaal nie, en dan leerders na 2 of 3 maande uithaal.

FOOI PER MAAND: R 250,00 x 11 maande (U betaal nié vir Desember nie)
(Geen naskool gedurende Desember nie)

- Ons voorsien **geen voedsel** nie. U moet self ekstra kossies inpak. Daar is ‘n yskassie by die naskool waar medisyne en kossies gebêre mag word. Merk dit asseblief duidelik.

- Die tye van die naskool is **streng vanaf 13:30 tot 17:45**. **Geen leerder sal na die tyd opgepas word nie, tensy u skakel en sê dat daar 'n probleem is.**

- Voltooi asseblief die aangehegte inskrywingsvorm so volledig moontlik, en stuur dit saam met u Januarie-betaling aan ons. **(R 250)**

- Daar moet asseblief ‘n **aparte inskrywingsvorm vir elke leerder** ingevul word.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking. Ons wil u verseker dat elke personeellid daarna streef om aan u diens van gehalte te lewer.

Skakel gerus indien daar enige iets is wat u onder ons aandag wil bring by **(011) 472 7423**.

Vriendelike groete

.....
FRANCOIS DU TOIT
HOOF

.....
VISA WOEST
ALGEMENE BESTUURDER